


KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 91 15 Julie 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Kortpad kapitaal

Daar is goeie rede vir besighede om hulle stigtingsdatum aan te dui. Dit wys vir verbruikers dat hulle reeds geruime tyd bedrywig is. Met die loop van tyd het sodanige besighede goeie vertrouensverhoudings met verbruikers opgebou. Hierdie belegging oor tyd heen oortuig mense dat hulle betroubaar is en hierdie vertroue is 'n soort kapitaal wat baie meer werd is as geld in die bank.

Nuwe besighede moet baie hard werk en kwaliteit produkte lewer om te begin bou aan vertrouekapitaal.

Hulle kwaliteit produkte het met die groei van vertroue kliënte oortuig om met hulle besigheid te doen. Besighede werk ook baie hard daaraan om die vertrouekapitaal te kweek en uit te bou sodat hulle die tydfaktor kan byvoeg.

Dit kos baie tyd en toegewyde insette om 'n besigheid te vestig, verbruikers se vertroue te wen en hulle lojaliteit te verseker. Sommige ekonome beweer dat dit ten minste twee en 'n half tot drie jaar neem om 'n besigheid te vestig.

Vir baie nuwe entrepreneurs klink dit na 'n lang tyd. Rekeninge moet vandag en elke maand betaal word. Dit lei daartoe dat hulle soms kortpaadjies neem. Gierigheid lei ook

daartoe dat sommige mense vergeet om in toekomsvertroue te belê. Hulle neem kortpaadjies om verbruikers te oortuig om met hulle besigheid te doen. Hulle span vertrouekapitaal uit ander rekeninge in hulle nuwe besigheid in.

Een so 'n groep wat meermale kosbare vertrouekapitaal oorneem en dan verkwis, is sommige leraars wat besluit (of gedwing word) om entrepreneurs te word. Reeds 'n entjie op die lewenspad aanbeweeg, kan hierdie persone nie van vooraf begin nie. Studieskuld, 'n eie huishouding en dalk selfs kinders wat versorg moet word, beteken dat hulle nie vir 'n geruime tyd sonder inkomste kan wees nie.

Selfs die predikant wat 'n uitstekende opleiding ontvang het en homself in die teologie verdiep het, gaan na die markplein met slegs 'n matrieksertifikaat. 'n Ouer man met matriek en geen ervaring nie, word nie maklik aangestel nie. Dit beteken dat die meeste van hulle entrepreneurs moet word.

Dit is opsigself nie 'n probleem nie. Sommige predikante kry dit selfs reg om aan te hou preek. Die nuwe entrepreneurs het nie die tyd om 'n besigheid van onder te bou nie, hulle moet al teen 'n redelike pas begin om te verseker dat hulle huishouding se begroting klop. Dit is dan wanneer hulle "ek

is 'n predikant" as deel van hulle vertrouekapitaal inspan.

Nie noodwendig om mense te bedrieg nie, maar op grond van aansien in 'n ander veld verwerf, word mense beweeg om in die ekonomiese sfeer hierdie entrepreneurs te vertrou

Hierdie vertroue word ongelukkig soms misbruik en mense word ingedoen, per abuis of met opset. Dan hoor ons gou dat mense met verwyte na die dominee verwys as oneerlik. Die feit is dat die dominee nie besigheid gedoen het nie, die persoon het sy status of vorige status misbruik. Dit het ongelukkig ook die effek dat die vertroue in predikante taan.

Daar is hard gewerk om emosionele vertrouekapitaal te verwerf. Geslagte van getroue predikante het, en werk steeds hard om mense met die Evangelie te bedien. In tye van krisis word hierdie kapitaal gebruik om mense te troos, te bemoedig, te motiveer. Dit sal jammer wees as die vertrouekapitaal-rekening moet leeg wees omdat mense dit misbruik het.

Wanneer hy met jou besigheid doen, maak nie saak of hy sê dat hy 'n dominee is nie, takseer hom as besigheidsman. Peter Sarstedt se liedjie vertel hoeka die verhaal van verleiding. *"Take off your clothes, Let me see what it is that your hiding. And don't look so shocked You have nothing to fear from my eyes. ha ha ha. My daddy, is a priest you know. And I am, not a beast you know. I just, want to, look. I just, want to look."*

KENNISGEWINGS

- **BONDSVERGADERING 2016**

Die dagbestuur van die GHG vergader 22 Julie 2016 om die agenda vir die vergadering te finaliseer. Die finale beplanning sal daarna aan u deurgestuur word. U word

vriendelik versoek om alle sperdatums in ag te neem en daarby te hou.

DATUM: 4 tot 6 September 2016.

PLEK: Gemeente Grootvlei.

TYD: Sondag 4 September 2016

Registrasie vanaf 16H00.

Opening om 18H00.

KOSTES: R230 per afgevaardigde. Gelde moet betaal word in die rekening van die Geloofsbond.

Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria-Noord

Takkode: 250 655

bydraes moet voor 14 Julie 2016 in wees.

- **GELOFSBONDKWILT 2016**

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekomers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.

Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmeakaargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekaar gebind is.

Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer. Dankie vir al die gemeentes wat blokke ingestuur het.

Lootjielyste sal binnekort beskikbaar gestel word en kan bestel word by Ella Joubert per adres: ella@teamworkprinters.com.

- Die eerste uitbetaling(s) word tydens die Bondsvergadering se opening gedoen.

KENNISGEWINGS

Advertensies

- Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg: https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall
Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op *whatsapp* beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

•Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.c